# 25 November - VEE

**Skrifgedeelte: Eksodus 13:1-16**
**Fokusgedeelte: Eksodus 13:11-12**

Vir die Israeliete as veeboere was hulle vee baie belangrik. Hulle rykdom en aansien is gemeet aan die hoeveelheid vee (groot- en kleinvee) wat hulle besit het.

Abraham was 'n ryk man, want hy het baie vee gehad (Gen 13:2). In Egipte het die Israeliete ook baie vee gehad. Met die tiende plaag, naamlik die dood van die eersgeborenes, is ook die vee van die Egiptenare getref. Daarna het die Israeliete getrek en groot troppe vee saam met hulle (Eks 12:38).

Dit is in hierdie lig dat die Israeliete die opdrag kry om elke manlike eersteling aan die Here te wy, en ook elke manlike eersteling van hulle vee vir die Here af te staan.

Omdat die tiende plaag die Egiptiese eerstelinge van mens en dier getref het, terwyl die Israelitiese eerstelinge van mens en dier verbygegaan is, moet hulle nou aan die Here gewy word. Die wyding van die vee moet die Israeliete herinner aan God se wonderlike bevryding uit Egipte en moet van geslag tot geslag oorvertel word. Vir die Israeliet as veeboer was die offer van sy eerstelinge van sy vee geen geringe saak nie.

Om iets te offer, beteken om iets wat kosbaar is, prys te gee ("opoffer"). Maar die Israeliet het getrou die wet nagekom en gedink aan die bevryding uit die slawehuis van Egipte. Vir 'n dankbare mens is geen offer te groot nie.

Vandag het ons nie meer nodig om ons eerstelinge van die vee aan die Here te wy nie. Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, het die groot en volmaakte offer gebring. Hy is die Eersteling uit die dood en so het Hy ons uit die slawehuis van die sonde bevry.

Nou wy ons onsself aan die Here deur ons te gee as lewende en heilige offers (Rom 12:1). Dit is ons eerstelinge, dit wil sê die beste deel van ons tyd en goed en gawes en energie wat ons aan die Here toewy.

*Sing: Psalm 40:4 (1936-beryming)* *Ds AL Pelser (Bethlehem)*